Werk met Lus

Gepubliseer deur Immanuel van Tonder op 2 September 2013 om 10:00
http://www.nglynnwood.co.za/profiles/blogs/liturgie-en-preek-werk-met-lus

Wat is jou eerste gevoel as jy woord werk of skool hoor? ... vertel gou vir mekaar
Interessante studie oor hoe groot deel van dag aan werk gespandeer word:
ALLES NOU net gemik op die NAWEEK en vakansie? Ontspanning?

Boek **Monday Athiest**: MENSE VERDEEL geestelike en werkterreine: Nie wat die Bybel sê nie!
God wil werk transformeer, anders laat dink en voel oor jou werk. Betekenis vul.

GOD WERK

BESTE van ALS is ... GOD WERK SELF OOK!!!! God het "werk" geskep en hou daarvan.
Kyk na sy skepping en die kreatiwiteit daarin...
Sy voltydse onderhouding...
As jy werk toe ry in die week dink daaraan...: God werk ook!

DEEL VAN GOD SE PLAN

JOU WERK IS 'N GROOT DEEL VAN GOD se plan vir jou lewe. GEN 1 >>> Deel van skeppingsdoel!
Werk is 'n Groot geskenk >>> ***VOOR Sondeval al WERK***!!! NB. WERK is nie straf v God nie! Seën!
Ek dink die kerk sê gereeld "nie te veel" nie, oor werk. Oppas vir die skade wat dit kan doen as daar nie balans is nie. Dis goed maar mens kan die verkeerde boodskap aflei.
Vierde GEBOD: SES dae *moet jy werk*!! Eks 20:9,11. Baie preke gehoor dat mense skuldig moet voel omdat hulle nie Sabbat onderhou nie, maar min dat hulle ses dae moet werk!!!
"Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. ..... Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.
(Exodus 20:9-11)

3 ingesteldhede teenoor jou werk:
WERK: net geld te verdien om te leef
BEROEP: werk om sukses te behaal
ROEPING: Gewortel in geloofslewe en verhouding met God.

BYBEL VOL WERKENDES

Dennis Bakke se boek: *Joy at Work* vertel dat die meeste helde in die Bybel vandag 'n sekulêre beroep bestempel sou word: Bybel is deur werkers vir werkers geskryf.
Adam – Boer, Landskapsargitek, Tuinmaker, Isak: Eiendomsontwikkelaar, Jakob 'n boer, Josef was in die politiek, Moses was eers herder vir 40 jaar, Ester het skoonheidkompetisie gewen, Dawid veeteler, toe soldaat, later staatshoof, Daniël was immigrant wat soos in Oxford studeer het toe eerste minister geword het, Jesus was langste tyd in sy lewe 'n skrynwerker, (bankies en tafels gemaak!) terloops die woord "skrynwerker" kom van griekse woord "tekton" waar ons ons woord tegnologie vandaan kry. (Oa ook met klipmesselwerk te doen gehad). Van die profete in die OT was boere, so kan ons aangaan...dink net aan die dissipels se werk.

EERSTE GEESVERVULDE

Weet jy watter mens in die Bybel is eerste gesê dat *hy "toegerus" of "vervul" is met die Gees*?
Nie Adam, Noag, Abraham, Josef, Moses, Elia, Daniël, Jona, Paulus, Maria, of ander mense in NT nie... Dit was 'n man met die Besaleël. >>> Eks 31:2-5
"Kyk, Ek het vir Besaleël uitgekies. Hy is 'n seun van Uri, seun van Gur uit die stam Juda. Ek het hom toegerus met my Gees sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen:

ontwerpe maak en dit in goud, silwer en brons uitwerk, edelstene verwerk en monteer, en houtwerk doen. Hy sal enige werk kan doen.
(Exodus 31:2-5)

Dink jou in jy is Besaleël: van jongs af lief om met jou hande te werk. Jy weet nie, maar God het 'n plan met jou. Dat jy met jou handewerk 'n seën kan wees vir mense om jou.
Wanneer jy werk, is die vreugde en krag wat jy ervaar in werklikheid die teenwoordigheid van die GEES by jou.
God stuur sy Gees om werksplekke te vul en inspireer!

WERK EN BLOM
Daar is afgelope jare nuwe belewing in werksplek wat lof verdien. Dis die sg "Vind jou Sterkpunte" (Strengthfinder) kursusse van veral Marcus Buckingham. Dit draai ons geneigdheid om net jou swakpunte te soek en te verbeter maar eerder klam te lê op jou sterkpunte. God se plan is om die gemeenskap te verryk as mense doen waarvoor hulle geskep word. Volgens Marcus Buckingham is 'n sterkpunt iets wat jou sterk laat voel as jy dit doen. Sommige aktiwiteite maak jou opgewonde en daag jou uit, ander tap jou energie.
Leer hoe God werk as hy werk met liefde, krag, vryheid en vreugde. Wanneer jy so werk verstaan jy iets wat dit beteken om na die beeld van God geskep te wees. As jy ander mense help om hulle sterkpunte te ontdek help jy om die beeld v God in hulle te herstel!
Werk is nie iets wat jy moet doen om te kan leef nie maar waarvoor jy leef is om jou werk te doen. .. die manier waarop jy God eer.
Iemand kry energie as hy kitaar speel, ander een as hy span lei, iemand anders as hy berading gee, ander wees as hulle kinders kan leer, of ontwerp kreatief kan doen...
Hou 'n boer aan met ploeg as hy wil saai? Hou hy aan grond breek en vore trek? As hy die grond gelyk gemaak het, saai hy mos swartkomyn en komyn, sit hy koring en gars in waar dit moet kom en spelt aan die kante. Sy God leer hom en gee hom die kennis hoe om alles te doen soos dit hoort. Swartkomyn word mos nie met 'n slee uitgedors of komyn met wawiele uitgetrap nie. Swartkomyn en komyn word met 'n stok uitgeslaan. Graan word gemaal vir brood, maar 'n mens hou nie eindeloos aan om dit te laat trap deur wawiele en deur trekdiere tot dit fyn is nie. Ook dit is iets wat van die Here die Almagtige af kom; kennis wat van Hom kom, is wonderbaar en laat alles voorspoedig verloop. JES 28:24-29

God gee die kennis en vaardighede. En as jy jou werk goed doen vloei die droom van GOD deur jou na die wêreld.

Interessant dat navorsing sê dat mense se beste oomblikke in die lewe is nie as hulle ontspan of iets lekkers doen nie maar as iemand hom geheel en verdoel in betekenisvolle taak wat binne sy of haar vermoëns is. Dit voel dan of tyd vlieg. Hulle praat van die toestand as "vloei"...flow oor baie jare navorsing gewys dat mense baie meer vloei beleef by werk as ontspanning.
Vloei vind plaas as die taak uitdagend genoeg is maar dat jou vaardighede goed genoeg is om die uitdaging te bowe te kom.

WERK AS AANBIDDING
WERK is vorm van LIEFDE. Ons kan nie volkome mens wees sonder om waarde te skep nie. Ons werk mos nie net vir geld, erkenning, bevordering, punte of roem nie... Dan kom vloei
Basaleël het dit ervaar in sy houtwerk, Dawid toe hy op die lier gespeel het, Simson toe hy sy krag gebruik het, Daniel toe hy die regering gelei het, Adam toe hy in die tuin gewerk het, Jesus toe hy skrynwerk gedoen het,
Kol 3:22-25: Slawe, wees in alles gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde. Moenie net werk om deur hulle raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie, maar werk met 'n opregte hart uit eerbied vir die Here. Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan. Wie onreg doen, sal gestraf word oor die onreg wat hy gedoen het; die Here trek niemand voor nie.

Pred 9:10 Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen
Dink jy mens kan bid dat God jou werk suksesvol sal maak? Natuurlik kan jy. Sukses woord nie die enigste rede hoekom ons werk nie, maar jy mag tot vra en werk om iets so goed as moontlik te doen.. hoekom? WANT JY DOEN DIT TOT EER VAN GOD.
NB MAAK JOU WERK DEEL VAN JOU ROEPING!!!
Mooi hoor: nie net uitreike en arm mense op straat kos gee is roeping nie!!! Selfs nog meer is jou werk is jou roeping.. EERDER beste uitreik in vergadering, by bouperseel, tandarts, CA!
DINK aan mense as spieëls wat 45 grade hoek staan om dit wat in die hemel is op aarde te weerspieël. Ons moet God se sorg, beheer en omgee om aarde weerspieël.
As ons werk en die wêreld 'n beter plek maak, weerkaats jy God se werk. NB nie net as jy vrywillige werk by die kerk doen nie. Jou werk is die belangrikste plek om jou roeping uit te leef.
Dalk met ons liturgiese serpe aan ingenieurs, dokters, onderwysers, motorwerkruigkundiges en tuisteskepper uitdeel... Om ons te herinner jy doen God se werk op aarde.
Vertel van man wat sy werk so geniet het, dat hy selfs God in werk meer ervaar het as in eredienste!
Dikwels word mense wat die hardste werk nie gesien nie. Dink aan die kosters, tuinwerkers, kantoor personeel.. wat hard agter die skerms werk. Baie keer geen tot min erkenning kry. Maar ons word juis genooi om te werk al word ons nie eers gesien nie.

Dink aan mammas wat vroeg opstaan, broodjies maak, vuil klere optel, kinders rond ry...

Martin Luther skryf: "*Wat jy in jou huis doen, is net soveel werd as sou jy dit in die hemel vir ons Here God gedoen het*."

JESUS sê self in Matt 20:28 en Mark 10:45. Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien! Jesus leer ons lewe hoe ons ons werk benader en dat dit sin en betekenis aan ons lewe gee.

Besef dat jy eintlik in diens van God is...
Ef 6:5-9

VIDEO>>>>> Werker in OR Tambo
http://www.nglynnwood.co.za/video/werk-met-lus-video